Desember / December 2023

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Psalm 113:3 "Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word!".



Fotograaf: Kolie Visser van Foto First Mosselbaai

# KERSFEES/CHRISTMAS 2023


Hoof Uitvoerende Beampte: Francois Swanepoel

2023 staan einde se kant toe. Nog 'n uitdagende jaar is agter die rug. 'n Jaar waarin almal van ons gekonfronteer is met baie onsekerheid, en spesifiek politieke onstabiliteit regoor die wêreld. Die oorlog tussen Rusland en Oekraïne asook die uitbreek van die oorlog tussen Israel en Hamas het weereens beklemtoon dat ons in 'n uitdagende asook 'n toenemende vinnig veranderende wêreld leef.

Die tyd gaan so vinnig verby dat 'n mens amper nie kan dink dat dit alweer tyd is om Kersfees te vier nie. Gelukkig is Kersfees 'n wonderlike tyd in die meeste van ons lewens. Kersfees bied vir ons 'n ruskans ná 'n lang jaar se arbeid wat vir ons geleentheid gee om te reflekteer op die afgelope jaar se voorspoed, teenspoed, suksesse en mislukkings. 'n Tyd om lesse te leer uit ons ervarings van die afgelope jaar, sodat ons die nuwe jaar kan bou op die fondamente van die positiewe ervarings van die afgelope jaar. Kersfees gee ook vir ons 'n wonderlike geleentheid om saam met ons familie en geliefdes te wees.

We are so busy with the demands of our busy world that we neglect the people close to us, until one day, when it is too late and this opportunity has passed us by forever. This year our thoughts are with family, colleagues, SSK members and friends who, for the first time, have to celebrate Christmas without a loved one.

Die belangrikste van alles is dat Kersfees 'n geleentheid is wanneer ons moet boeke vat oor ons Geestelike lewe. 'n Tyd wat ons met dankbaarheid die grootste geskenk van alle tye moet ontvang, naamlik die Ewige Lewe wat Jesus Christus deur Sy kruisdood vir elkeen van ons moontlik gemaak het. Mag die Kersfees van 2023 vir elkeen van SSK se mense 'n ware Christusfees en 'n baie geseënde Kersfees wees.

Uit 'n besigheids-oogpunt was 2023 'n uitdagende jaar, maar 'n jaar waar ons beter aangepas was by die onseker omstandighede. 'n Jaar waarin meeste van SSK se mense weereens hul allerbeste vir die Koöperasie gegee het ten spyte van baie uitdagings. Daarvoor wil ons graag vir elkeen van julle dankie sê en erkenning gee vir die besonderse bydrae wat elkeen op sy of haar gebied gelewer het.

SSK se lede is die spil waarom ons besigheid draai die kernrede vir SSK se bestaan. Ons wil ook vir ons lede baie dankie sê vir hulle lojale ondersteuning die afgelope jaar en ons gaan in die nuwe jaar poog om op alle terreine nog verder te verbeter met die diens wat ons aan julle lewer. Ons wil ook vir die Hemelse Vader dankie sê vir die seën wat Hy oor ons besigheid en oor ons mense uitgestort het. Dit was vir baie besighede 'n uiters moeilike jaar en baie ondernemings het nie die abnormale omstandighede oorleef nie. Ons finansiële jaar is reeds ver gevorder en dit is met groot dankbaarheid dat ons vir u kan sê dat dit 'n baie goeie jaar vir SSK was en is.

Ek wens vir elkeen van julle en julle geliefdes net die beste wense toe vir 2024. Mag dit vir SSK en al sy belanghebbers 'n wonderlike voorspoedige jaar wees. Vir die wat op reis gaan gedurende die vakansie, ry asseblief voorspoedig, rus lekker en kuier lekker saam met julle hartsmense. Sodra almal weer terug is in die nuwe jaar sien ons uit na 2024 wat ons glo, groot geleenthede vir SSK en sy lede gaan bied om saam te Werk en gevolglik saam te Wen.

We thank our members and clients for their support during the past year and wish them and their loved ones a well-deserved and blessed festive season.

Groete / Greetings

*- Francois Swanepoel*
*Hoof Uitvoerende Beampte*



NG Kerk Aberdeen (toring 55 m)

# PIETER DE JAGER GRAANPRODUSENT VAN DIE JAAR, ALBERTINIA DISTRIK




V.l.n.r: Marelize, Pieter, Mari, Adriaan en Pieter de Jager.

SSK-lid, Pieter de Jager van die plaas Wiehmansfontein, naby Albertinia, is onlangs aangewys as die 2023 Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die jaar. Die toekenning is 'n groot, welverdiende eer wat Pieter te beurt geval het en SSK wens hom graag geluk met die prestasie. SSK is trots op die 13-jaar-lange vennootskap met die De Jagers.

Pieter het in 2003 na 'n Meestersgraad in Landboubestuur by die familieplaas aangesluit. Hulle het op daardie stadium hoofsaaklik met volstruis, wolskape en dekriet geboer en op 'n kleiner maat met vleisbeeste en kleingraan.

Pieter het sedert 2010 toegewyd begin fokus op graan met die oog op groter winsgewendheid en 80% van die plaasbedrywighede is vandag gerig op graan en 20% op wolskape en vleisbeeste.

Pieter plant kontantgewasse op droëland, hoofsaaklik koring, gevolg deur canola, radyse en lupiene. Weiding en aangeplante weiding maak die res van die graanboerdery uit. Pieter se broer André, hanteer die lewende hawe komponent wat bestaan uit kommersiële wolskape-, slaglamproduksie en vleisbeeste vir speenkalwersproduksie.

> *"Ek glo daarin dat sukses by elke persoon self begin."*

Pieter glo dat die landboubedryf uniek is, deurdat die bedryf gekenmerk word deur positiewe mense met uitstaande leiers-eienskappe. "Geleenthede word geskep en daar word dan pro-aktief opgetree. Ek glo daarin dat sukses by elke persoon self begin. Die rol van georganiseerde landbou is ook onontbeerlik om die individu te bemagtig deur invloed uit te oefen op politiese, makro ekonomiese en wetlike faktore".

*(Krediet Graan SA)*
*'n Meer volledige onderhoud sal volg in 2024 wanneer die huidige oesstyd eers agter die rug is.*

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | AUG 2023 | SEPT 2023 | OKT 2023 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 4 | 55 | 26 |
| Albertinia | 11 | 69 | 83 |
| Ashton | 10 | 111 | 34 |
| Avontuur | 21 | 164 | 62 |
| George | 17 | 111 | 190 |
| Heidelberg | 25 | 87 | 100 |
| Herold | 9 | 107 | 47 |
| Joubertina | 25 | 150 | 38 |
| Karringmelks | 29 | 103 | 127 |
| Knysna | 21 | 128 | 78 |
| Misgund | 4 | 180 | 60 |
| Mosselbaai | 21 | 71 | 105 |
| Protem | 16 | 93 | 115 |
| Plettenbergbaai | 32 | 102 | 62 |
| Riversdal | 10 | 75 | 63 |
| Swellendam | 8 | 96 | 123 |
| Uniondale | 5 | 67 | 9 |

**Gellewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

DER KELDERMEISTER

## TOP 10 WINES

1. Van Loveren Pinotage
2. Perdeberg Soft Smooth Red
3. Van Loveren Neil's Pick Colombar
4. Van Loveren Sauvignon Blanc
5. Beyerskloof Pinotage
6. Van Loveren Merlot
7. Van Loveren River Red
8. Jakkalsvlei Pink Moscato
9. Van Loveren Cabernet Sauvignon
10. Villiersdorp Hanepoot Jerepigo (Treintjiewyn)

# CAROLA KOEKEMOER

## Risiko-adviseur: Swellendam Versekering



V.l.n.r: Karla, Carola, Simone en Johan.

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Gebore in Swakopmund en in die mooie Namibia grootgeword tussen my twee ouer broers en twee jonger susters. My pa was 'n handelsreisiger en moeder 'n tuisteskepper. Ek matrikuleer aan Windhoek Hoër en studeer vir 3 jaar by die Pretoria Technikon waar ek kwalifiseer as Uitvoerende Sekretaresse. Weer terug in Windhoek ontmoet ek vir Ronald, my man wat amper 5 jaar gelede oorlede is. Ons het twee dogters, Simone, 'n apteker wat in George woon en Karla, 'n student aan CPUT in Wellington. Simone is getroud met Johan en hulle het twee pragtige hondekinders, Fritz en Ula.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ek werk graag in my tuin en doen meeste onderhoud aan my huis self. Ek het 'n hart vir my medemens en is veral betrokke by bejaardes om daar 'n verskil te maak. Verder stap ek graag in die natuur en doen die vakansie-ding, wat ek vir 30 jaar nie kon doen nie: van die Camino de Francis tot in die Serengeti. Verkieslik êrens waar daar geen selfoon ontvangs is nie, is reg vir my. Een keer 'n maand is ons as gesin saam en maak ons saam nuwe "memories".

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

My eerste betrekking was by Jurie J van Zyl, eiendomsagente, en kort daarna by FNB se boedelafdeling in Windhoek. Hier ontmoet ek my man en ons verhuis Kaap toe. Ek kry daar 'n wonderlike pos by Sanlam as Sekretaresse vir die Hoofbestuurder. Ek het ewe in die Goue Akker gesit. Daarna bied Old Mutual PFA my 'n pos aan. Na 8 jaar in die Kaap verhuis ons Drew toe, waar ek tussen die werk deur ook nog boervrou was. Na 25 jaar diens by Old Mutual was ek so gelukkig om in 2011 by SSK Versekering 'n administratiewe betrekking te kry. Ek is alweer amper 12 jaar hier en nog baie gelukkig. Al hierdie betrekkinge het my goed voorberei vir die Risiko-Adviseurspos wat ek vanaf September 2014 beklee en ongelooflik geniet.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Daar was beslis menige prestasies, groot en klein, waarop ek baie trots kan wees, maar die verskil wat ek in my kliënte se lewens maak, is vir my die grootste prestasie. Aangesien ek baie nóú saamwerk met my kliënte, is die raad, leiding, kennis oor my vakgebied, of sommer net 'n oor wees, 'n voorreg. Hierdie verhoudinge het ontwikkel en gegroei tot 'n algemene suksesverhaal en is vir my ongelooflik waardevol en maak my baie trots.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

SSK is aan die uitbrei tot 'n leier op landbou gebied. Ek is baie gelukkig hier en is 'n lojale werknemer. Ek vertrou dat SSK ook nog vir my sal kans sien vir die volgende 5 jaar. Ek voel ek kan nog 'n groot bydrae lewer tot SSK Versekering se sukses.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Die beste raad en riglyne vir die lewe kry ek daagliks uit Die Woord. Ek probeer my naaste behandel soos ek graag self behandel wil word en is dit my strewe.

Verder is die leuse van my Duitse stamboom "Immer gerade der Sonne entgegen". (Altyd voorwaarts die son tegemoet). Dit is my lewensfilosofie.

# SSK LANGDIENS ERKENNING

**10 JAAR:** Erwin Grundling, Marius Smit, Julia Lombard, Hilgard Taute, Julanda Beukes, Erol Plaatjies

**15 JAAR:** Johan Pieters, Herbert Streicher, Phillip Jacobs, André du Plessis, Coenie van der Berg

**25 JAAR:** Francois Munro

**30 JAAR:** Henry Rossouw

**35 JAAR:** Sandra Steyn



Morné van Rensburg (regs) wens Francois Munro (links) geluk met 30 jaar diens.



Ons wens Henry Rossouw geluk met 30 jaar diens.



Alwyn Burger (Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne) wens Sandra Steyn geluk met 35 jaar diens.

# SSK-BOERE SKITTER IN TV-REEKS




Dirk van Papendorp, Jacobus Human, Pieter de Jager, Piet Gildenhuys, CD du Toit, Johann Muller

Farming with Nature, 'n TV-reeks wat die bewarings-boerderyreis van 6 Suid-Kaapse boere vasvang, is onlangs uitgesaai op beide DStv en Openview. Die reeks, wat deur Food For Mzansi en SSK vervaardig is, is oor die loop van 'n jaar verfilm om ook seisoenale veranderinge vas te vang.

Die eerste episode spog met Jacobus Human as fokus, wie se pa, Jack Human, wyd as die vader van bewarings-landbou in Suid-Afrika beskou word. Ander episodes fokus op Piet Gildenhuys, CD du Toit, Dirk van Papendorp, Pieter de Jager, en Johann Muller.

Henk de Beer, voormalige Hoofbestuurder: Bedrywe van SSK en adviseur vir die Farming with Nature reeks, sê hy het half verwag dat die deelnemende boere skaam voor die kameras sou wees. Tog was die meeste op hul gemak langs Duncan Masiwa, wat sy debuut as televisie-aanbieder maak. Hy is verstom deur die Suid-Kaap-boere se diepgaande kennis van bewaringslandbou en toewyding aan volhoubare boerderypraktyke. "Dit het my weer eens beïndruk hoe kundig hulle is, hoe breed hul kennis is en hoe gefokus hulle is om te bewaar en, waar moontlik, 'n beter plaas vir hul nageslag agter te laat."

Van die vroeë dae van pioniers soos Jack Human tot die huidige suksesverhale glo hy dat die bewarings-landboupraktyke wat in die reeks uitgelig word, nie alleen sigbare gevolge in terme van grond- en natuurlike hulpbronbewaring toon nie, maar ook 'n aansienlike finansiële impak op die stabiliteit en sukses van boerderye in die streek het.

"Ek het altyd die behoefte gehad om te verseker dat hierdie storie en al sy elemente bewaar word vir toekomstige generasies boere om inspirasie uit te put, en hierdie projek het dit moontlik gemaak," sê De Beer.

Hy beklemtoon die belangrikheid daarvan om die eerbied vir die natuur wat boere in hul daaglikse werk toon, uit te lig. "Ek dink dit is belangrik dat die publiek weet waar die kos wat hulle eet vandaan kom en met hoeveel sorg, kundigheid en respek vir die natuur dit geproduseer word."

Die vermenigvuldigingseffek van landbou op landelike gemeenskappe, geïllustreer deur ondernemings soos SSK, Southern Oil, en Eureka Mills, word ook beklemtoon, wat die kritieke rol van landbou in die handhawing van plaaslike ekonomieë beklemtoon.



*Henk de Beer - Voormalige Hoofbestuurder: Bedrywe*

"Ek hoop regtig dat kykers van Farming with Nature ervaar hoeveel respek die boere vir die natuur en hul omgewing het," sê hy. "En ek hoop en vertrou dat elke kyker landerye en velde langs die N2 met ander oë en 'n groter begrip sal beskou wanneer hulle weer deur die Suid-Kaap ry."

# MENSLIKE HULPBRONNE PRESTEER!

Menslike Hulpbronne Beamptes, Albertia Brandt (Mosselbaai) en Betinea Windvogel (Swellendam) het in September die Nasionale Diploma in Menslike Hulpbron Bestuur en Praktyke verwerf. Beide het met onderskeiding geslaag. Hulle het albei oorspronklik as interns van Suid-Kaap Kollege by SSK begin.



Alwyn Burger (Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne) wens Betinea Windvogel geluk met haar prestasie.



Adv. Leon Claasen (Bestuurder: Arbeidsverhoudinge) wens Albertia Brandt geluk met haar prestasie.


LK's®
WE DON'T DO BBQ...
ONS BRAAI!
LK's Sit Braai
(Staal)
R629⁹⁰ Elk
00302395
LK's Braaihandskoen
(Hoë Hitte)
R149⁹⁰ Elk
00302394
LK's Turbo Vuuraansteker
R259⁹⁰ Elk
1881250
LK's Chef Braaiman
Sizzla Braaier
R489⁹⁰ Elk
00301208
LK's Braaitang (Aluminium)
R69⁹⁰ Elk
1032680
LK's Chef Wok Met Handvatsel 36cm
Oranje, Groen Of Swart (Emalje)
R599⁹⁰ Elk
LK's Ovaal Braaipan
4ℓ (Emalje)
R229⁹⁰ Elk
00302160
LK's Braaitang
(Vlekvrye Staal)
R89⁹⁰ Elk
1880970
LK's Braairooster Big
Box (Vlekvrye Staal)
R419⁹⁰ Elk
1803080
*Braairooster
Uitgesluit
LK's Opvoubare
Ribstaander (Staal)
R159⁹⁰ Elk
00301941
LK's Hangende
Braairooster Hak
R309⁹⁰ Elk
00301948
Best Duty
Platpot Nr 12
R669⁹⁰ Elk
340125
LK's Varktjop
Crisper (Chroom)
R139⁹⁰ Elk
276442
Agri Land
SSK
PRODUKTE WAT NIE IN VOORRAAD IS BY U NAASTE TAK NIE, IS BESKIKBAAR OP BESTELLING. TERWYL VOORAAD HOU.

# SSK VROUEDAE SAAM MET AMORE BEKKER

Amore Bekker van RSG faam was vanjaar die gasspreker en die vrouens het behoorlik aan haar lippe gehang, geskaterlag en diep nagedink oor haar lewensfilosofie. Dit was waarlik 'n praatjie met pitkos en padkos en haar nuwe boek "Ek het 'n Engel gesien" het flink verkoop. Daneel Rossouw, Landbou Ekonoom van Nedbank, het die manlike geslag verteenwoordig en het 'n baie interessante praatjie aangebied oor die huidige stand van die ekonomie en landbou in Suid-Afrika.

"SSK en sy mense beleef deur die Vader se genade voorspoedige tye. Juis daarom is dit so belangrik om die SSK-vrouens te vier. Met ons vrouens kan ons die Drakensberge kaalvoet uitklim": Annelie van Wyk, Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie (SSK).

## GEORGE



Patrys Erasmus en Cora de Beer



Annelie van Wyk, Amore Bekker en Daneel Rossouw



Isabel Robertson en Shani TerBlanche

## JOUBERTINA



Linda Baldie, Marissa Botha en Elsa Loock



Lené Strydom, Lynn-Maré Murray, Amore Bekker en Nadia Holtzhausen



Theretia Strydom en Janine Muller

## SWELLENDAM



Marize Barnard en Bearita Moller



Sunette Joubert, Letitia Steyn en Catherine van Veen.



V.l.n.r: Marlene Swanepoel, Amore Bekker, Tronel Lourens, Retha van Papendorp, Hannelie Lourens en Marina Dippenaar.

*Volgende jaar maak ons weer so Riversdal, Knysna en Aberdeen.*

# SSK AGRILAND BESTUUR



Agter v.l.n.r: Alfred Healing, Desmond Hayes, Franco van Loggerenberg, Johan Campher, Godwin May, André du Plessis, Jaco Jonker, André Burger, Franco Botha, Jaco Labuschagne, Kobus van Loggerenberg, André van Wyk, Freddie Victor, André Jonker, Ryno van der Merwe, Dewald Meyer, Zander Kuhn, en Anton Swart. Middel v.l.n.r: Annare Swart, Francois Möller, Nelius van Zyl, Coenie van der Berg, Wiehan van der Merwe, Elzaine Jansen, Christo Carstens, Adam de Vos, Rufus Human, Rodney Baadjies, Gertjie Odendaal, Karen Nel, Johan le Roux en Morné van Rensburg. Voor v.l.n.r: Susan Barkhuysen, Patrys Erasmus, Natasha van der Westhuizen, Suné Levendal, Naomi Engelbrecht, Nadia Holtzhausen, Francois Loots, Amelia Schutte, Jonelle Fiet, Tronel Lourens, Julia Lombard, Adri Verwey en Cora de Beer.

# SSK MEGANISASIE BESTUUR



Agter v.l.n.r: Ollie Burger, Chris Boshoff, Jorrie Jordaan, Arno Odendal, André van Rooyen, Kobus van Wyk. Voor v.l.n.r: Armandt Horne, Heindrich Stiglingh, Sumarie Gaffney, Francois Loots, Rinda Theron, Jacobus Fourie, Tommie Prins.

# HENDRIK PIENAAR GRAANDAG OP HERBERTSDALE



V.l.n.r: Pieter Malan, Francois Swanepoel, Hendrik Pienaar en Francois Loots.



V.l.n.r: Boet van Zyl, CD du Toit en Hennie Bosman.

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za